KENNISGEWING VAN DIE PLAASLIKE REGERING

STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT VOORNEME OM LANGTERMYNSKULD AAN TE GAAN INLIGTINGSVERKLARING

Ingevolge Artikel 46(3)(a)(i) en (ii) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003), gelees saam met Artikel 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), word die volgende inligtingsverklaring in verband met langtermynskuld wat die Stad Tshwane wil aangaan, openbaar gemaak:

BESONDERHEDE VAN VOORGENOME SKULD

Die Stad Tshwane beoog om 'n befondsingsreëling(s) deur enigeen of meer van die volgende meganismes aan te gaan:

a. Die skep van 'n munisipale skuldinstrument deur 'n genoteerde verband uit te reik.
b. Die aangaan van 'n lening, hetsy in sindikaatvorm of nie, by een of meer finansiële instellings wat in Suid-Afrika as banke geregistreer is ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990).
c. Die aangaan van 'n lening, hetsy in sindikaatvorm of nie, by een of meer instellings vir ontwikkelings-finansiering, wat geregistreer is om sodanige sake in Suid-Afrika te doen.

Besonderhede, insluitende die bedrag van die voorgestelde skuld	Tot R1,5 miljard ongedekte, nie-ondergeskikte skuld
Doel van die voorgestelde skuld	Om gedeeltelik die program vir kapitale uitgawes te finansier
Sekuriteit wat verskaf moet word	Geen
Looptyd van voorgestelde skuld	Tot 'n maksimum van 20 jaar, soos bepaal sal word op die transaksiedatum/datum van ondertekening
Voorgestelde terugbetaling van skuld	Koepon ("vaste/wisselende rentekoers") sal maandeliks, kwartaalliks of halfjaarliks terugwerkend betaalbaar wees soos bepaal sal word op die transaksiedatum/datum van ondertekening, en kapitaal sal terugbetaal word óf op die toepaslike aflossingsdatum van die skuld óf deur 'n delgingsreëling oor die leeftyd van die skuld.
Die verwagte totale koste van die voorgestelde skuld	Die verwagte totale koste van die voorgestelde skuld en sy terugbetalingstydperk kan slegs op die transaksiedatum/datum van ondertekening bepaal word.

UITNODIGING VIR OPENBARE KOMMENTAAR

Die Stad Tshwane nooi die algemene publiek uit om skriftelik kommentaar te lewer of vertoë te rig ten opsigte van die voorgestelde skuld wat die Stad beoog om aan te gaan. Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan by die volgende adres vertoë rig, waar dit getranskribeer sal word:

David L Masimini
Direkteur: Bestuurskantoor en Befondsingsbestuur
Eerste Vloer, Tshwane House, Madibastraat 320, Pretoria, 0002

Kommentaar of vertoë moet aan die Hoof- Finansiële Beampte gerig word, by die volgende adres, nie later nie as 15:00 op 6 Augustus 2018; en enige navrae in verband met bovermelde moet gerig word aan:

David L Masimini
Direkteur: Bestuurskantoor en Befondsingsbestuur
Posbus 408, Pretoria, 0001
Tel: 012 358 6045
Epos: davidmasi@tshwane.gov.za

Chris K Thipe
Afdelingshoof: Tesouriekantoor
Posbus 408, Pretoria, 0001
Tel: 012 358 6068
Epos: christ@tshwane.gov.za

Dr Moeketsi Mosola
STADSBESTUURDER